

# Alfabetpas

**Benodigdhede:**

- Gebruik die aflaaibare hulpmiddel “Speelkaarte” waarin dieselfde prentjie, byvoorbeeld die draak wat die letter “d” uitbeeld, twee keer voorkom. Die pak bestaan altesaam uit 52 kaarte.


**Doelwit van die spel:**

- Die doelwit is om soveel kere as moontlik “pas” te skree, sodat die leerder sy/haar aantal kaarte kan vermeerder en wen.

**Instruksies:**

- Die leerders verdeel in groepe van vier.
- Op hulle tafel is die pak aflaaibare kaarte.
- Die pak moet goed geskommel word.
- Die speler wat die pak skommel, deel vir hom/haar en die ander spelers elkeen een kaart op ’n slag uit met die prentjie wat na onder wys, totdat die pak klaar is.
- Niemand mag hul kaarte omdraai nie, maar hulle mag dit in ’n netjiese pakkie voor hulle neersit.
- Die leerders begin nou kloksgewys speel. Elke leerder moet een kaart uit sy/haar pakkie omdraai en in die middel neersit. Dit moet baie vinnig gedoen word sonder om enigsins na sy/haar kaart te kyk.

- Sodra twee kaarte in die middel ooreenstem, moet die speler "pas" skree.





- Hy/sy mag nou die hele pakkie kaarte in die middel vat. Dit word omgedraai en onder sy/haar bestaande pakkie ingevoeg.
- Wanneer die ander spelers se kaarte klaar is, wen die persoon wat die meeste kaarte oorhet.
- Twee spelers kan byvoorbeeld gelyk "pas" uitroep, of een speler kan verkeerdelik "pas" uitroep. Wat gebeur dan?
  - Wanneer twee spelers gelyk "pas" uitroep, word die middelste hopie na die kant geskuif, en 'n nuwe rondte begin.
  - Wanneer iemand verkeerdelik "pas" skree, moet hy/sy een kaart uit hul omgedraaide hopie kaarte vir die persoon met wie se kaart hulle gedink het hul kaart ooreenstem, gee.

